MIZPAH

JEUGKAMP

OMGEWINGSOPVOEDING EN KONFERENSIESENTRUM
DIE KAMPBESTUURDER
Posbus 283
Grabouw 7160 R.S.A.

Telefoon: 021 846 8224/ 072 6584792

E-pos: info@mizpah.org,za
Webadres: www.mizpah.org.za

ALGEMENE INLIGTING 2022

1 LIGGING

Die MIZPAH Omgewingsopvoeding- en Konferensiesentrum is geleë in die Kogelberg Natuurreservaat, 8 km vanaf die N2 hoofweg buite Grabouw. Die toegangspad is geteer tot sowat 2.5 km vanaf die kamp. Die kamp lê aan die Kogelbergdam, omring met berge en pragtige natuurskoon. Die naby geleë Palmiet Hidro-elektriese kragstasie is >n gewilde besoekpunt vir groepe wat gedurende die week hier besoek aflê.

2 FASILITEITE

Die terrein beskik oor 11 huisies met 2 slaapkamers, toilet, stort (warm en koue water) en ‘n ruim toegeboude stoep. Elke slaapkamer het twee dubbeldek beddens en twee enkel beddens met matrasse, rakke vir klere en ‘n handwasbak, die stoep het ’n dubbeldek bed of twee enkelbeddens, in totaal is daar 149 slaapplekke. Die sentrale kompleks bestaan uit ‘n groot saal; ‘n kombuis, toegerus met alle kookgereedskap, ‘n konferensiesaal, toegerus met die nodige apparaat en sitplek vir 50 persone, braaigeriewe en kleedkamers. Voor die hoofgebou is ‘n swembad en grasperke waar die besoekers kan ontspan. Beddegoed, eetgerei en breekware kan gehuur word (fooie is op aanvraag beskikbaar) en braaihout kan by die oord gekoop word.

3 OMGEWINGSOPVOEDING / BUITELUGOPVOEDING

Die dam en die bergrivier bied nie alleen ‘n pragtige uitsig nie, maar is ook ideaal vir die bestudering van waterekologie, geografiese verskynsels en die mens se afhanklikheid van die natuur. Geleenthede om die plantegroei van die Reservaat te leer ken, is volop. Die verskeidenheid fynbos om die kampterrein maak dit maklik om ‘n begrip te kry van die diversiteit in die plantegroei. Vir die meer energiekes, bied die wandelpad en die voetpaaie selfs nog meer om waar te neem.

4 FASLITITERING

Die dienste van opgeleide fasiliteerders; opvoedkundiges, en spyseniers, kan gereël word vir besoekende groepe. Kontak asseblief die Kampbestuurder vir inligting. Eksterne fasiliteerders, opvoedkundiges en spyseniers bepaal self hulle fooie en u betaal direk aan hulle.

5 VOORDELE VAN ‘N BESOEK AAN MIZPAH

- Die kamp is baie sentraal geleë (Kaapstad 70 km, Stellenbosch 50 km, Worcester 100 km, Swellemdam 140 km), maar tog vergenoeg van die stad se gewoel.
- Die publiek het nie vrye toegang nie, ‘n eilandsituasie kan geskep word.
- Goeie geriewe en dienste is teen ‘n bekostigbare tarief beskikbaar. Die omgewing is rustig en die natuurskoon enig in sy soort

6 SAMEVATTING

Ons beskik oor die geriewe, die toerusting en die kennis om vir u van hulp te wees. Om meer inligting te kry, ‘n afspraak te reël of besoek af te lê, skakel ons gerus.

2022 Tariewe

Tarief vir verblyf is vir 2 dae(week of naweek):
Minimum van 40 persone per kamp in week en 60 persone per kamp oor naweke

Volwassenes: R400
Skoolgaande kinders: R210.00

Let Wel:

Aantal huisies word bepaal deur die getal betalende besoekers deur 12 te deel bykomende huisies kan gehuur word teen R110.00 per naweek

Indien ‘n persoon die dag met ‘n kamp wil deurbring sal ‘n dagbesoekers fooi van R90 betaalbaar wees

Beddegoed vir 100 persone kan gehuur word teen R80/pp vir die naweek

Breekware en eetgerei vir 100 persone kan gehuur word teen R40/pp vir die naweek.

Allebeddegoed eetgerei moet 14 dae voor die kamp bespreek moet word

Konferensiegeriewe

R900 per naweek

Selfsorg huis: (akkomodeer 2 persone)

R530.00 per dag (Buite piektyd) R780.00 per dag (piektyd)
Ten volle toegerus; Geen TV of Radio beskikbaar nie; braai-area; stap en swem. Terugbetaalbare deposito van R250.00 betaalbaar met bespreking.

Voorwaardes:

- ‘n Deposito van **R6 000** in piektyd en **R4000** buite piektyd word verlang. Die bespreking sal net d.m.v die betaling van die deposito bevestig word. Enige skade aan geboue of toerusting van Mizpah Jeugkamp kan verhaal word van hierdie deposito. Deposito is terugbetaalbaar na afloop van die kamp indien alles in orde is.

- Kanselasies – kanselasies moet ‘n minimum van 12 weke voor die aankoms datum van die kamp geskied. ‘n R2000 kanselasiefooi sal van toepassing wees en die balans van die deposito sal dan terugbetaal word. Indien kanselasie of datum verskuiwing geskied minder as 12 weke voor die aankoms datum word die deposito verbeur en is daar geen terugbetaling nie.

Deposito’s kan inbetaal word by:

FNB
Rek: 62090123755
Tak: 200 312
Tjek rekening
Verwysing: Instansie